higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

(3030605)

14 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

300Q1J2114

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Ongeag die bedrag wat 'n skender ('infringer') maak, mag die eienaar van die werk ... ontvang.

A 20%
B 40%
C 50%
D 100%

1.2 ... skadevergoeding is werklike skadevergoeding aan die kopiereg-eienaar.

A Statutêre
B Opname
C Komposisie
D Liedjieskrywer

1.3 Die musiekbedryf het 'n ... om optredes te koop sonder om toestemming te vra.

A reg
B stelsel
C lisensie
D strafbedrag

1.4 Enige ... wat iemand anders se komposisie uitvoer, moet die komponis vergoed.

A kunstenaar
B klankingenieur
C produsent
D agent

1.5 In die regsgebied is daar kriminele ... vir kopieregskending.

A strafbedrae
B voldoenings
C geregtigheid
D afdwinging

1.6 ... kopieregskending het geregtelike strawwe.

A Intellektuele
B Liedjieskrywer
C Behoorlike
D Doelbewuste

Kopiereg voorbehou

1.7 In sommige lande vereis persoonlike ... kwytskelding wat inhou dat dit wat gekopieer word regmatig verkry moet word.

A gebruik
B kopiëring
C aankope
D deel

1.8 Groothandelaars mag hul ... in vragnmotors aanhou en na klante toe reis.

A masjiene
B kontant
C voorraad
D personeel

1.9 Liedjieskrywers verkry eienaarskap van hul liedjies vanaf ...

A komponiste
B opnemers
C ateljees
D uitgewers

1.10 Die bladmusiekmedium is ...

A papier.
B snare.
C albums.
D kameras.

1.11 'n Filmklankbaan is oorspronklike musiek wat spesifiek gekomponeer is om 'n ... te vergesel.

A danser
B sanger
C film
D dialoog

1.12 Bevoorraders bevorder ..., bladmusiek en musiektoerusting.

A talent
B instrumente
C ondernemings
D maatskappye

1.13 'n Digitale opname bied beter ... gehalte.

A toon
B bergings
C glans
D prent

Kopiereg voorbehou

1.14 Bruto verkope is die verkoopprys aan die ... minus belasting.

A kunstenaars
B regisseurs
C publiek
D bevoorraders

1.15 Die ... programme wat by konserte verkoop word is op 'n persentasie van die wins gebaseer.

A aandenking
B uitvoering
C funksie
D kontrak

1.16 Ontwerpers word 'n ... betaal vir goedere wat hulle vir kunstenaars ontwerp.

A afkoopbedrag
B fooi
C wins
D fortuin

1.17 Fooie vir lokale word deur die ... onderhandel.

A kunstenaar
B bevoorrader
C regisseur
D agent

1.18 Terugbetaling van 'n voorskot vind plaas omdat 'n ... minimum nie behaal is nie.

A basiese
B ooreengekome
C uitvoering
D spesifieke

1.19 'n Persoonlike bestuurder maak seker dat die agent die beste moontlike ... sluit.

A transkasie
B venue
C optrede
D promotor

1.20 'n Sakebestuurder is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat toerpersoneel op die ... is.

A bus
B betaalstaat
C lys
D geselskap

Kopiereg voorbehou

1.21 Indien 'n orkeslid die groep verlaat, het die maatskappy die opsie om sy/haar dienste as ’n ... -kunstenaar te gebruik.

A belangrike
B duet
C agterwerk
D solo

1.22 Daar is geen verpligte lisensie vir 'n ... nie.

A eksemplaar
B album
C opname
D enekelsnit

1.23 Indien 'n eksemplaar nie baie gebruik word nie, kan die kunstenaar al die ... vir 'n enkelbedrag uitkoop.

A produkte
B lisensie
C regte
D instrumente

1.24 ... goedere beteken dat die vervaardiger te veel produkte voor die einde van die termyn geproduseer het.

A Prysings
B Reproduksie
C Voorrraadopgarings
D Deel

1.25 Die musiek ... moet by die voorskot betrokke wees wanneer die film wat geproduseer word 'n musiekblyspel is of baie musiek gebruik.

A koördineerder
B opsiener
C direkteur
D produsent

(25 × 2) **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Musiek met kopiereg word wetlik beskerm.

2.2 Openbare uitvoering van musiek bepaal dat die kunstenaar 'n lisensie moet hê.

2.3 Regtens besit die uitgewer die musiek saam met die liedjieskrywer.

2.4 Toestemming hoef nie verkry te word wanneer 'n opvoering deel van 'n direkte opleidingsgeleentheid by 'n opvoedkundige instelling uitmaak nie.

2.5 Tronkstraf is 'n staf vir die oortreding van kopiereg.

2.6 'n Uitvoering wat oor die radio uitgesaai word ressorteer nie onder die kategorie van openbare optredes nie.

2.7 'n E-handel-webwerf wat nie deur die maatskappy wat die produk vervaardig besit word nie maar die produk verkoop, is 'n kleinhandelaar.

2.8 Liedjieskrywers dra eienaarskap van liedjies aan die kunstenaars oor.

2.9 Hersiening van kopiereg vir liedjieskrywers beteken dat die uitgewer die komposisies teruggee.

2.10 Die partituur maak deel uit van 'n filmklankbaan wat gewoonlik bestaande dialoog en klankeffekte insluit.

2.11 Agtergrondmusiek word vir 'n opera-uitvoering gespeel.

2.12 Moderne films is van digitale tegnologie afhanklik om die klank van werklike instrumente na te boots.

2.13 Platemaatskappye samel tantième in vir die gebruik van 'n opname van 'n liedjie wat hulle geproduseer het.

2.14 Lisensies vir gedrukte musiek moet nie spesifiseer wat die drukker aan die einde van die termyn met die oorblywende voorraad moet doen nie.

2.15 Drukkers probeer om 'n tydbeperking op die verkope van folio's te plaas.

2.16 Musiekbevoorraders gebruik hul kennis van die musiekbesigheid om albums op te neem.

2.17 'n Venue verskaf personeel om die kunstenaar se handelsware by die uitvoering te verkoop.

2.18 Indien die kunstenaar die perk vir die gebruik van die venue oorskry, is dit nie sy/haar verantwoordelikheid om die verskil in te betaal nie.

Kopiereg voorbehou

2.19 Die personeelbestuurder is in beheer van die toer.

2.20 Die sakebestuurder is nie in staat om te voorspel hoeveel 'n kunstenaar met 'n konserttoer sal maak nie.

2.21 Die hoofsanger mag nie die groep se naam gebruik as die groep uitmekaar gaan nie.

2.22 Liedjieskrywers en hoofsangers kan die groep se naam gebruik nadat die groep uitmekaar is.

2.23 Die toerbestuurder samel tydens die toer al die geld by promotors in.

2.24 Die klankopname en reproduksie van digitale oudio verwys na die digitale verteenwoording van oudioberging, transmissie of verwerking.

2.25 Digitale oudio is tegnologie wat niks met die filmproduksie te doen het nie.

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1	Sakebestuurder se verantwoordelikhede	A	geld wat uit die kommersiële gebruik van musiek gemaak word
3.2	Meesterlisensie	B	reël optredes vir die kunstenaar
3.3	Digitale oudio	C	word van die kopiereg-eienaars van 'n klankopname en die onderliggende musikale werk vereis om 'n eksemplaar wetlik te mag gebruik
3.4	Persoonlike bestuurder	D	gee aan die drukkers 'n nie-ekslusiewe reg om hul bestaande produkte vir 'n tydperk van ses tot twaalf maande nadat die termyn verstryk het, te verkoop
3.5	Hof	E	musikale werke is afsonderlike kopieregwerke wat deur meer as een outeur besit kan word
3.6	Agent	F	word saam met 'n meesterlisensie vereis om 'n voorafbestaande weergawe van 'n liedjie vir 'n visuele projek te gebruik
3.7	Persoonlikheids-folio's	G	volgorde van eksemplare wat van 'n analoog-radiogolf geneem word
3.8	Lisensies	H	stel die komponis in staat om sy/haar komposisies te beskerm
3.9	Regte van die meesterlisensie	I	bestuur die kunstenaar se beroep
3.10	Sinkroniseerlisensie	J	bied boekhoudienste, betaal die kunstenaar se rekeninge, adviseer die kunstenaar oor beleggings en help die kunstenaar om korporasies te stig
3.11	Tantième	K	verbied die skender om die geroofde werk verder te gebruik
3.12	Kopiereg	L	word van die persoon verkry wat die opname of meester besit wat die party is wat die opname gefinansier het
3.13	Monsterneming	M	prente van uitvoerende kunstenaar wat toegeplak is
3.14	Toestemming	N	berus by die platemaatskappy indien dit nie 'n onafhanklike kunstenaar is nie
3.15	Klankopnames	O	gedeelte van 'n vorige opname wat in 'n nuwe opname geïnkorporeer is

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

klanke; mikrofoon; inkomste; skending; kopiereg; multimedia; reproduseer; lirieke; seleksie; tantième; outeur; tasbare; finansies; eksklusief; reproduseer

4.1 'n Persoonlike bestuurder help met die ... van 'n kunstenaar se materiaal.

4.2 Sodra 'n werk in 'n ... medium vasgevan is, het die skepper daarvan outomaties kopieregbeskerming.

4.3 Tydraamwerke vir die reversie van musiek is gewoonlik tussen vyf en vyftien jaar nadat die ... termyn ten einde geloop het, met die meerderheid wat tussen sewe en twaalf jaar is.

4.4 By digitale opnames word oudiosiene wat deur 'n ... waargeneem word na 'n string diskrete syfers omgeskakel wat met verloop van tyd die veranderinge in die lugdruk vir oudio verteenwoordig.

4.5 Indien jou snit die sleutelmeester in die album is, behoort jou ... hoër te wees.

4.6 By 'n platetransaksie gee musikante meesterregte op as 'n manier om die finansiële ondersteuning van die maatskappy te verseker om die opname en vrystelling van die album te ... .

4.7 Digitale oudio is tegnologie wat gebruik word om klank op te neem, te berg, te vermeerder, te genereer en te ...

4.8 Die meeste moderne ... -toestelle kan slegs digitale klank prosesseer.

4.9 Die kopiereg van 'n werk word deur die ... besit, wat dit na enigeen kan oordra, op voorwaarde dat die oordrag op skrif is.

4.10 Wanneer eksemplare van 'n bestaande opname sonder toestemming versprei word, vind kopiereg- ... van die klankopname en die liedjie self plaas.

4.11 'n Klankopname is bloot 'n werk wat uit opgeneemde ... bestaan.

4.12 'n Musikale werk het gewoonlik 'n melodie en dikwels ...

4.13 Die kopiereg van klankopnames en musikale werke skep twee verskillende ... -strome vir die eienaars.

4.14 Kopieregkennisgewings vir musikale werke behoort die ... -simbool, ©, in te sluit.

4.15 Meganiese tantième is fooie wat aan die kopiereg-eienaar betaalbaar word vir die reg om die liedjie op 'n opname te ... .

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 160

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Definieer elk van die volgende begrippe:

5.1.1 Digitale klank (4)

5.1.2 Sinkroniseringslisensiefooie (6)

5.2 Noem DRIE vereistes vir 'n werk om onder kopiereg beskerm te word. (8)

5.3 Gee VYF maniere waarop meer inkomste uit 'n opgeneemde liedjie gemaak kan word. (5)

5.4 Verduidelik elk van die volgende terme:

5.4.1 Uitgewer

5.4.2 Komponis

5.4.3 Publikasie

5.4.4 900 Pound Gorilla

5.4.5 Belangrikste geaffilieerde

(5 × 1) (5)

[28]

VRAAG 6

6.1 Wat is die verskil tussen 'n *meesterlisensie* en 'n *sinchroniseringslisensie*?

(2 + 2) (4)

6.2 Verduidelik die groot verskille tussen 'n *vennootskap* en 'n *korporasie*. (20)

6.3 Wat is 'n *publikasiemaatskappy*? (20)

6.4 Verduidelik die funksies van platemaatskappye en opnameooreenkomste in die lewe van 'n kunstenaar. (20)

[64]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die rolle van elk van die volgende verteenwoordigers vir opnamekunstenaars, kunstenaars en liedjieskrywers in die musiekbedryf kortliks.

7.1.1 Agente (8)

7.1.2 Sakebestuurders (12)

7.1.3 Prokureurs (8)

7.2 Watter interne ooreenkomste sluit lede van orkeste nadat die groep gestig is? (20)

[48]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou